

KOLLIG

op oppervlaktebedekking van metaalonderdele

deur A. P. VAN WYK*

Die Spesialistegroep, Materiaalingenieurswese van die Pretoria-gebied, het op 25 November 1981 'n baie geslaagde colloquium te Universiteit van Pretoria aangebied met die tema 'Oppervlakte-bedekking van Metaalonderdele'.

Die besprekings is ingelei deur mnr. George Murray van Projects Expedited met sy lesing getiteld 'Surfacing by Welding'. As inleiding is die verskil tussen oppervlaktebedekking met sweising aan die een kant en spuiting aan die ander kant gegee waarna 'n film vertoon is om die saak te verhelder. Die titel van die film was 'Surface Coating in Engineering'. Die verskillende soorte slytasie wat op onderdele voorkom, is behandel en tesame hiermee is die nodigheid van oppervlaktebedekkings uitgelig. Die lesing is afgesluit met 'n skyfievertoning wat die toepassings van oppervlaktebedekkings met sweising baie interessant en duidelik daargestel het.

The next lecture, entitled 'Metal Spraying Processes and Preparation', was presented by Mr Dave Haywood of Crown Chrome Plating (Pty) Ltd. He emphasized the importance of good surface preparation prior to surface spraying. The need for care to be taken against oxidation of the surface during spraying was also outlined. Methods of metal spraying and the equipment available were also discussed. Of particular interest was the control of the whole process to ensure a sound coating. He

concluded his lecture with some slides on the aspects of preparation methods and metal spraying methods.

Die volgende onderwerp, 'Metal Spraying for Corrosion Protection', is aangebied deur mnr. Neil Webb van Michael A. Brett and Partners. 'n Inleiding is eers gegee oor die hoe's, hoekoms en waaroms van korrosie, wat aangevul is met duidelike skyfies oor die meganisme van korrosie. Daarna is die rol wat 'n bedekking kan speel in die voorkoming van korrosie uitgelig. Die verskil tussen anodiese en katodiese bedekkings is ook verduidelik. Die toepasbaarheid van verskillende metale as bedekkings is behandel waartydens die korrosie-eienskappe van Zn en Al meer in diepte beskou is.

The last lecture of the afternoon was presented by Mr J. Wessels of Plasma Spray Coatings (Pty) Ltd. His subject 'Metal Spraying for Savings in Engineering Applications' was presented by means of slides showing several components that had been sprayed - all with a superior component life as a result.

Die Colloquium wat bygewoon is deur 70 persone, is afgesluit met die verkiesing van die bestuurskomitee vir 1982 wat sal bestaan uit:

Prof. G. T. van Rooyen	Universiteit van Pretoria
Dr. J. P. Hugo	Raad op Atoomkrag
Dr. S. Venter	Raad op Atoomkrag
Dr. J. A. van Aswegen	Yskor
Mnr. G. Pienaar	Universiteit van Pretoria
Mnr. A. P. van Wyk	Universiteit van Pretoria

* Universiteit van Pretoria, Hillcrest, Pretoria 0002.